| INSP222993 |
| --- |
| Complaint Reference No. |

# INSPECTOR NOTE

| | |
| --- | --- |
| **Building:** | PETWORLD XXL |
| **Street:** | 213 JIGGER AVENUE |
| **Suburb:** | FIRGROVE RURAL |
| **Postal Code:** | 7130 |
| **Date:** | 2025-12-11 |
| **Time:** | 13:33 |
| **Inspector:** | RUDOLPH PHILANDER |

| | |
| --- | --- |
| **Type:** | EMAIL - RECEIVED |
| **Follow-Up Date:** | |

**Comments:** Goeie middag Rudolph,

Baie dankie vir jou tyd en dat jy my oproep geneem het, ek waardeer dit opreg.

Soos ons bespreek het, het Yaaseen my na jou toe verwys nadat hy my ingelig het dat die Wes Kaapse Dierevereniging nie veel verder van hulp kan wees ten opsigte van ons Persiese katjie Ziah se mishandeling gedurende haar ‘grooming’ sessie by Pet World Somerset Wes nie . Veral omdat Pet World Somerset Wes nadese hulle grooming afdeling vir n ‘onbepaalde tyd’ gesluit het .

Uit beginsel uit is vir my absoluut anvaarbaar dat n besigheid soos Pet World so maklik en ligtelik van die voorgeval/le wat in hul ‘grooming’ afdeling gebeur het wegkom .

My argument is as volg;

As ek n kindersorg/dagsorg besigheid het en ouers laat hul klein kindertjies in my en my werknemers se bekwame sorg oor, met die verstandhouding dat ek (die werkgewer) en al my werknemers goed opgevoede mense is, met al die nodige (vereiste) opleiding om na wense na hul klein kindertjies om te sien- en iets dergliks gebeur met n kindjie moet ek as werkgewer volle verandwoordelikheid vir die voorgeval vat.

Soos byvoorbeeld;

Sou een van my werknemers (n kinder oppasser) nie na wense na een van die kindertjies omsien nie en die kindjie gedurende badtyd in n kokende warm water bad druk en die kindjie doen ernstige brandwonde op waaraan die kindjie later aan omkom, kan ek mos nie net deur bloot my dagsorg se deure te sluit van die mishandeling en dood van die kindjie wegkom nie?

Ek voel baie sterk dat n kriminele klag teen Pet World gelê moet word aangesien ons geval nie die enigste geval was waar daar n dier mishandel was nie, gaan lees gerus die ander kliente se verslae/ervaringe wat hulle op HELLO PETER en Pet World se webblad gepubliseer het - sien die publikasies by my eedsverklaring aangeheg.

Victor het ons Ziah se borskas so geskeer dat haar vel van haar borskas af tot onder haar magie rou was van die skerp lem. Kan jy jou indink hoe jy n dier moet vasdruk om so iets te kan regkry? Veral n katjie wat as n reël nie van bad en water hou nie.

Ons katjie was met haar eerste besoek deur die groomer Edgar, of met n hoë konsentraat seep gewas

of nie behoorlik afgespoel nie, wat die aanvanklike gejeuk en gekrap op haar vel veroorsaak het dat dit onwetend in n vel infeksie omgesit het. Met haar tweede besoek was sy blatant mishandel deur die groomer Victor wat letterlik die bo laag van haar vel met n vlymskerp skeermes afgeskeer het .

Haar traumatiese ervaring moes so geweldig skok vir haar liggampie gewees het dat n eens gesonde katjie- sien aangehegte foto, se reaksie so geweldig was dat sy ringwurm ontwikkel het wat al die behandeling en medikasie haar immuun sisteem so afgetakel het dat sy op die uiteinde daaraan oorlede is.

Dit kan mos nie net eenvoudig so aanvaar/gelos word nie?

Ek hoor graag so gou as moontlik van jou.

Baie dankie lekker middag verder.

Kindest regards,

Reinette

Reinette (Rachel) Rossouw

+27 83 262 5045

**Captured By:** RUDOLPH PHILANDER 2025-12-11 13:33